

14-4

## Wat eers vir my 'n bate was

Wat eers vir my 'n ba - te was be-skou ek nou as net 'n las.

Dis nik teen wat ek al - les wen om Chris - tus as my Heer - te ken.

2

Omdat ek glo, is ek vergeef  
en vrygespreek om te kan leef.  
Niks kon ek doen - maar deur die Gees  
laat God my een met Christus wees.

3

Mag ek al meer, as God se kind,  
die krag van Christus ondervind -  
die krag wat my uit lyding, nood  
met Hom laat opstaan uit die dood.

4

Ek span my in om te verkry  
wat Christus vir my voorberei.  
Ek gee myself, my hele saak,  
aan Hom wat my sy eie maak.

FILLIPENSE 3:7-12